

“Die Here is my herder, ek kom niks kort
nie.

Hy laat my rus in groen weivelde. Hy
bring my by waters waar daar vrede is.

Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die
regte paaie tot die eer van sy Naam.

Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal
ek nie bang wees nie, want U is by my.

In u hande is ek veilig.

U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl
my teëstanders moet toekyk. U
ontvang my soos 'n eregas, ek word
oorlaai met hartlikheid.

U goedheid en liefde sal my lewe lank by
my bly en ek sal tuis wees in die huis
van die Here tot in lengte van dae.”

Psalm 23